

Wederkoms: Opstanding, finale oordeel, vreugde in die hemel (OP69)

1 Kor 15:42-49, Mat 25:31-40, Op 19:1-9

5 Desember 2021

Laasweek het ons begin om te kyk na wat gelowiges kan verwag wanneer hulle sterf. Ons is herinner daaraan dat gelowiges reeds tydens hulle lewens op aarde geestelik opstaan, maar dat hulle steeds fisies sterf omdat hulle liggame uitgemergel word deur die omstandighede in die skepping waaraan hulle bloot gestel is sedert die sondeval. Uit Paulus se briewe is dit duidelik dat hy 'n groot verwagting gehad het oor die lewe na die dood – hy beskryf die dood as wins. Ons het gesien dat gelowiges kan verwag dat wanneer hulle sterwe, hulle siele direk by Jesus en die Vader in die hemel sal wees. Daar word hulle deel van die groot menigte waarvan Op 7 praat. Hulle staan voor God se troon en die Lam. Hulle het reeds wit klere aan, en hulle het palmtakke in hulle hande. Hulle neem aktief deel aan die lofprijsing van God, saam met die 24 ouderlinge, die vier lewende wesens en die miljoene der miljoene engele – hulle besing juis die feit dat hulle verlossing van God en die Lam afkom. Al hulle swaarkry is reeds verby, en Jesus lei hulle na die fontein met die water van die lewe, en God droog hulle tranes af. En tog, so heerlik as wat dit is, het ons ook gesien dat hulle nog wag op iets – hulle wag enersyds tot al hulle medegelowiges ook by hulle is, hulle wag dat God Sy oordeel oor hulle vyande moet voltrek, en hulle wag op iets nog beter.

Ek het ook laasweek gesê in hierdie reeks wil ek die lewe na die dood beskryf in drie periodes: (1) van ons sterfdag tot met die wederkoms (dit is waaroor ons laasweek gepraat het), (2) die wederkoms self, en (3) die ewigheid na die wederkoms. Vandag wil ek begin om te besin oor wat gelowiges kan verwag tydens die wederkoms. Daar is vier groot gebeurtenisse wat tydens die wederkoms plaasvind: (1) Opstanding van die dooies, (2) die finale oordeel, (3) die vreugde in die hemel wat hiermee gepaardgaan, en (4) die herskepping van die fisiese skepping. Vandag kyk ons na die eerste drie gebeurtenisse, en as die Here wil sal ons volgende week na die vierde een kyk, saam met die ewigheid na die wederkoms.

Ons lees in Hand 2:11 dat toe die dissipels stip na die hemel gekyk het nadat Jesus opgevaar het, het twee manne in wit klere aan hulle verskyn, en gesê: “Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle na die hemel opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het.” Jesus kom dus weer. Die vraag is: wanneer kan ons Hom verwag? Die antwoord is: ons weet nie. In Mat 24:36 het Jesus spesifiek geleer dat niemand, behalwe die Vader, weet nie. Wat ons wel weet is dat dit onverwags sal wees, soos wat die sondvloed onverwags gekom het in die tyd van Noag – in Mat 24:44 roep Jesus Sy dissipels op om altyd gereed te wees vir Sy koms omdat Hy op 'n uur sal kom wat hulle nie verwag nie. Daar is nog iets wat ons weet rakende die tyd van die wederkoms: dit sal plaasvind aan die einde van die tyd. Lees Mat 24:29-31. Hier lees ons dat die wederkoms na die groot verdrukking sal plaasvind, wanneer die trompet sal blaas, en Jesus Sy engele sal uitstuur om al die gelowiges bymekaar te maak. In Openbaring volg daar aan die einde van elkeen van die sewe siklusse in die boek, 'n beskrywing van die finale oordeel, wat juis gepaard gaan met Jesus se wederkoms. Kom ons kyk nou na die eerste groot gebeurtenis wat gaan plaasvind met die wederkoms:

Opstanding van die dooies:

1 Tess 4:13-18 gee vir ons inligting oor wat ons op daardie dag kan verwag. In verse 13-14 maak Paulus die stelling dat ons almal ingelig behoort te wees oor wat met die ontslapenes gaan gebeur- uit vers 14 is dit duidelik dat hy juis die ontslapenes wat in Jesus geglo het, in gedagte het. Hy wil ons dus juis leer wat gelowiges wat reeds gesterf het, kan verwag. Daar was 'n besorgdheid by die

Tessalonisense dat diegene wat reeds gesterf het, nie deel sou neem aan die heerlijkheid van die lewe na die dood nie. Paulus wil dit baie duidelik maak dat dit hoegenaamd nie die geval sal wees nie – die wat steeds lewe met die wederkoms sal hoegenaamd nie die wat reeds gesterf het voor wees nie (vers 15). Trouens, ons het laasweek in Heb 11 en Op 6 gesien dat die ontslapenes, die gelowiges wat reeds gesterf het, juis wag op gelowiges wat nog in die lewe is hier op aarde. Sien jy die ironie: die wat steeds lewe is besorgd dat die wat gesterf het agterweë sal bly, terwyl die realiteit is dat die wat reeds gesterf het nie kan wag dat die wat steeds lewe ook by hulle sal wees nie!

Vers 16 leer ons dat Jesus se koms vooraf gegaan word met die roepstem van die aartsengel en die blaas van 'n trompet. Dit kondig die wederkoms aan – dit sal 'n wêreldwye aankondiging wees – niemand sal onbewus wees van die wederkoms nie. Die presiese detail van hoe dit sal gebeur, is nie duidelik nie, maar almal sal dit hoor en weet dit is die wederkoms. Na die aankondiging, daal Jesus uit die hemel neer. Eerstens sal die wat in Christus gesterf het (m.a.w. die groot menigte wie se siele in die hemel bymekaar gekom het deur die loop van die eeue), uit die dood opstaan. Dit beteken hulle liggame sal opstaan. Met hulle dood, het daar skeiding plaasgevind tussen hulle siele en hulle liggame, maar nou word hulle liggame weer lewendig, en word met hulle siele verenig. Vers 17 leer dat hierdie opgestane gelowiges word dan met die gelowiges wat steeds lewe verenig. In Mat 24:31 leer ons hoe dit gaan gebeur: Jesus sal sy engele uitstuur om sy uitverkorenes wat nog lewe bymekaar te maak vanuit elke uithoek van die aarde. Die gelowiges wat alreeds vroeër gesterf het verenig dan met die gelowiges wat nog met die wederkoms op die aarde sal wees. En hulle almal saam word saam met Jesus op die wolke weggevoer. Nou is daardie wagtyd van Heb 11 en Op 6 verby. Nou is al die gelowiges bymekaar, by Jesus, en word saam op die wolke weggevoer! En let op: So sal hulle altyd by die Here wees!

In 1 Kor 15:35-49 vind ons inligting oor die liggame wat ons gaan ontvang op die dag van die wederkoms. Onthou, ons sterf fisies omrede ons liggame afgetakel is deur die blootstelling aan swaarkry in die skepping sedert die sondeval (dit kan byvoorbeeld wees weens siekte of die lyding van vervolging). Ons liggame moet dus nuutgemaak word. Dit blyk asof mense in Korinte skepties gestaan het oor die moontlikheid van die fisiese opstanding van die liggaam (vers 35). Dit is tog baie duidelik dat as 'n mens sterf, vergaan sy liggaam oor 'n periode van tyd. Hoe kan daar nou weer lewe in so 'n dooie, vergane liggaam kom? En gaan die opgestane liggaam dieselfde wees as die liggaam wat vergaan het? Vers 36 maak dit duidelik dit is 'n dwase redenasie. Paulus sê ons moet op 'n ander manier hieroor dink. Ons moet dink in terme van 'n saadkorrel wat geplant word. wat ontkiem en 'n plant voort bring. God is in beheer van hierdie proses. En wanneer die saadkorrel ontkiem, bring dit 'n spesifieke plant voort. Daardie plant lyk heeltemal anders as die saadkorrel, en tog is daar ooreenkomste – uit 'n koringkorrel bring God 'n koringplant tot stand. Soos daar verskille en ooreenkomste is tussen die saadkorrel wat geplant word en die plant wat daaruit ontwikkel, so is daar verskille en ooreenkomste tussen die liggaam wat ons voor ons dood gehad het en wat ons begrawe het, en die nuwe liggame wat ons met die wederkoms sal ontvang.

Die ooreenkoms tussen die liggaam wat begrawe is teenoor die liggaam wat gaan opstaan, is sekerlik die feit dat daardie liggaam steeds herkenbaar sal wees as die liggaam van die persoon wat gesterf het. Dink maar net aan Jesus se liggaam na Sy opstanding – Hy was steeds herkenbaar as Jesus, Hy kon selfs vir Sy dissipels die merke in Sy hande wys. Paulus lê egter baie klem op die verskille tussen die nuwe opstandingsliggaam in vergelyking met die liggaam wat begrawe is. Hy wys drie verskille uit:

- (1) Die opstandingsliggaam sal onverganklik wees, nie soos ons huidige liggame wat verganklik is nie (v42). Die DAV vertaal “onverganklik” met “onsterflik”. Ons weet tog dat ons huidige liggame verganklik is – dit is tog juis die rede hoekom ons fisies sterf, en na ons sterwe

vergaan ons liggame heeltetal. Wanneer ons 'n nuwe opstandingsliggaam ontvang, moet daardie liggaam geskik wees om vir ewig te kan bestaan – dit is 'n reuse verskil! Dink maar net aan Jesus se opstandingsliggaam – daardie liggaam bestaan alreeds 2 000 jaar.

- (2) Die opstandingsliggaam sal heerlik wees, nie soos ons huidige liggame wat gering is nie (v43). Die OAV/DAV vertaal “gering” met “oneer”. Daar is tog niks eerbaar aan 'n liggaam wat gesterf het nie – 'n gestorwe liggaam het geen regte nie, trouens in die Ou Testament was 'n dooie liggaam as onrein beskou. Maar die opstandingsliggaam sal heerlik wees – iets waaroor jy verbaas sal wees, waaroor jy in verwondering sal wees.
- (3) Die opstandingsliggaam sal sterk of vol krag wees, nie swak soos ons huidige liggame nie (v43). Ons huidige liggame gaan juis dood omdat dit nie sterk genoeg is vir die eise wat daaraan gestel word nie. Daarteenoor sal ons opstandingsliggame wel sterk en vol krag wees.

In vers 44 som Paulus dit op en sê ons het tans 'n natuurlike liggaam, maar ons opstandingsliggame sal geestelik wees. Ek gee toe – daar is baie vrae wat ons kan vra oor wat dit presies beteken. En ek is nie oortuig ons weet presies nie. Maar verse 45-49 verduidelik dit tog: Ons huidige liggame was eerste, dit kom van Adam af, van die skepping af. Dit is 'n stoflike liggaam, want dit is uit stof gemaak. Maar God het dit gemaak, en dit was God wat lewe in Adam, en dus in ons liggame, geblaas het. Hierdie liggame was doelgerig vir hierdie bedeling – die bedeling waartydens ons in hierdie skepping sou leef. Maar sedertdien het Jesus gekom. Hy is die laaste Adam. Hy het uit die hemel gekom. Hy het 'n lewendmakende Gees geword (v45). Ons weet tog wat dit beteken: Hy het versoening bewerk, en die Heilige Gees gestuur wat in ons werk – sodanig dat ons geestelik opstaan. As gevolg van hierdie opstanding kan ons nou deel word van die toekomstige bedeling. Maar daardie bedeling is anders as die huidige bedeling – dit is 'n ewige bedeling, waar ons in heerlijkheid gaan wees. Daarom het ons liggame nodig wat by daardie bedeling pas – dit moet liggame wees wat onverganklik, heerlik en vol krag sal wees. Daardie liggame sal so heerlik wees dat ons daarmee direk in die teenwoordigheid van God mag kom. En dit sal boonop presies geskik wees om die rol wat ons in die ewigheid gaan vervul, te kan nakom! Dit is deur die opstanding van hierdie liggame dat die Here die fisiese dood waaraan alle mense sedert die sondeval onderwerp is, finaal oorwin.

Ek hoop jy sien raak dat daar nou alreeds twee verdere verwickelings was vir daardie groot menigte in die hemel: (1) Daardie kort tydjie van wag is verby omrede al die gelowiges nou bymekaar is by Jesus, en (2) hulle siele is verenig met hulle liggame, maar alhoewel daar ooreenkomste is met hulle oorspronklike liggame, is dit opstandingsliggame wat spesifiek toegerus vir wat hierna kom.

Die Finale Oordeel:

In 2 Kor 5:10 lees ons dat almal voor die regterstoel van Christus moet verskyn. Paulus skryf hier aan gelowiges, en dus moet ons die gevolgtrekking maak dat gelowiges ook voor Christus moet verskyn. Ons lees ook wat die doel met hierdie verskyning is: sodat elkeen kan ontvang volgens wat hy tydens sy aardse lewe gedoen het of dit nou goed was of kwaad.

In die gelykenis van die skape en die bokke in Mat 25:31-46, word ons in meer detail vertel wat ons kan verwag tydens die finale oordeel: Die Seun van die mens, dus Jesus, sal op sy koninklike troon gaan sit in majesteit, en al die mense van alle volke sal voor Hom gebring word. Hy sal hulle skei in twee groepe: die skape regs van Hom, en die bokke links van Hom. Daarna sal Hy vir die aan Sy regterkant sê: “Kom julle wat deur my Vader geseë is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit, want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; ...” en dan volg daar nog heelwat detail oor dinge at hierdie mense gedoen het. Hierdie mense sal dan vra wanneer het hulle vir Jesus iets gegee om te eet, en Hy sal verduidelik dat

hulle dit gedoen het toe hulle iets gegee het aan selfs die geringstes van Sy broers. Dit word opgevolg met 'n soortgelyke gesprek met die mense aan Sy linkerkant, maar hulle word beskryf as vervloektes, en word in die ewige vuur gewerp saam met die duiwel en sy engele, omdat hulle nie gedoen het wat die mense aan Sy regterkant gedoen het nie.

In Op 11:15-19 lees ons van die blaas van die sewende trompet, wat saamval met die finale oordeel (v 18). Hier word ook gesê dat met hierdie oordeel al die gelowiges, groot en klein, hulle loon sal ontvang. Op 22:12 herhaal hierdie boodskap, waar Jesus sê: “Kyk, Ek kom gou! Ek bring die loon saam met My om elkeen te beloon vir wat hy gedoen het.”

Laat my toe om 'n paar opmerkings oor die finale oordeel maak: Daar bestaan die idee dat die doel met die finale oordeel is sodat Jesus daar kan besluit oor wie die ewigheid saam met Hom sal deurbring en wie in die ewige vuurpoel gegooi moet word. Ek dink nie so nie. Immers, ons het dan laasweek gesien gelowiges kom al in die hemel bymekaar die oomblik as hulle sterf, nog voor die wederkoms en die finale oordeel. Hulle het dan reeds wit klere aan, wat daarop dui dat hulle finaal rein en heilig is. Soortgelyk kom ongelowiges in die dood bymekaar die oomblik as hulle sterf. Jou finale eindbestemming word reeds duidelik met jou sterwe. Trouens, God hoef nie eens te wag tot jy sterf om te besluit of jy toegelaat moet word as deel van die groot menigte in die hemel nie – Hy het reeds voor die grondlegging van die aarde besluit wie Sy kinders gaan wees, en as Hy toe besluit het jy is deel van daardie groep, sal jy gedurende jou lewe op aarde tot geloof kom, sal jy met jou afsterwe deel word van die groot menigte in die hemel, en sal jy met die finale oordeel aan sy regterkant staan as deel van die skape (Ef 1:4-5)! Let op, in die gelykenis van die skape en die bokke wat ons sopas gelees het, word die mense aan die begin van die hofsitting reeds in die twee groepe van skape of bokke verdeel, daarna oordeel Jesus eers die werk van die skape aan Sy regterkant, en later die werk van die bokke aan Sy linkerkant. Die skeiding is reeds daar voor die oordeel begin. Dit is belangrik om raak te sien – dit beteken 'n gelowige hoef nie met vrees die oordeelsdag tegemoet te gaan nie! Daar is geen kans dat jy dan onverwags sal moet hoor dat jy ook in die vuurpoel gegooi gaan word alhoewel jy sedert jou sterwe alreeds in die hemel was nie!

Wat is dan die doel van die finale oordeel? Die doel is dat Jesus dan loon gaan toeken – dit is wat ons in 2 Kor 5, Op 11 en Op 22 gelees het. Dit is ook wat Jesus in die gelykenis van die skape en die bokke oordeel. Die gelowiges wat tydens hulle lewe hier op aarde hulle met groter ywer daarop toegelê het om aan die geringstes brood te gee, sal 'n groter loon ontvang as die wat dit met minder ywer gedoen het. In 1 Kor 3:10-15 verduidelik Paulus dat Jesus met Sy wederkoms die gehalte van elkeen se bouwerk sal toets. As iemand se bouwerk bly staan in daardie toets, word hy beloon. As iemand se bouwerk nie bly staan nie, word hy nie beloon nie – maar hy word tog steeds gered! Hy gaan dus steeds die ewigheid in saam met Jesus, maar sonder die loon waarin die deel wie se bouwerk bly staan het.

Wat is die loon wat ons in gedagte moet hê? In Mat 25:14-30 vertel Jesus die gelykenis van die muntstukke as deel van Sy profetiese rede, en gee dus vir ons inligting oor die komende finale oordeel. Elkeen van die slawe het 'n sekere aantal muntstukke ontvang waarmee hulle moes gaan werk. Toe die eienaar teruggekom het, het hy beoordeel wat elkeen van hulle gedoen het. Aan die slawe wat getrou gewerk het met hulle muntstukke, sê die eienaar: “Mooi so! Jy is 'n goeie en getroue slaaf. Oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Kom in en deel in my vreugde!” Hierdie slawe was voor die oordeel getrou om te werk met dit wat aan hulle toevertrou is – die eienaar sê dit was min, maar van nou af sal hulle baie hê waarmee hulle moet werk plus hulle deel in sy vreugde. Dit blyk dus dat hulle soortgelyke verantwoordelikhede na die oordeel sal hê as daarvoor – maar dat hulle getrouheid voor die oordeel sal bepaal hoe groot hulle verantwoordelikheid na die oordeel sal wees. Aan die einde van die gelykenis gee die eienaar aan die slaaf met die 10

muntstukke ook die muntstuk van die slaaf wat nie daarmee gaan werk het nie, en dan verduidelik Jesus: “Aan elkeen wat het, sal meer gegee word”. Hierdie slaaf het dus voor die oordeel, sy verantwoordelikheid getrou nagekom, en na die oordeel het hy selfs ‘n nog groter verantwoordelikheid waarmee hy moes gaan werk. Ons kan dus aflei dat hierdie loon verantwoordelikheid impliseer. Diegene wat in hierdie lewe hulle verantwoordelikhede met ywer nakom, kan verwag om in die lewe hierna groter verantwoordelikhede te hê as diegene wat dit met minder ywer gedoen het. As jy wonder watter verantwoordelikhede ons in gedagte moet hê, wil ek vra dat jy so bietjie geduld beoefen tot ons verder gevorder het in die reeks.

Vreugde in die hemel:

Die finale oordeel word geassosieer met groot vreugde in die hemel. Ons lees daarvan in Op 19:1-9. In Op 18 word God se oordeel oor die sedelose vrou beskryf, en in Op 19:10-21 word die oordeel deur die Ruiters op die wit perd beskryf – tussen-in lees ons van die groot vreugde in die hemel. Ons lees van vier halleluja’s: verse 1,3,4 en 6 (die NAV het die term “halleluja” vertaal met “prys die Here!”). Die eerste, tweede en vierde halleluja’s word uitgeroep deur die groot menigte in die hemel – ons weet nou al dat dit die gelowiges is. Die derde halleluja word uitgeroep deur die 24 ouderlinge en die 4 lewende wesens (vers 4) om God se troon. Ons lees die groot menigte klink soos die gedreun van ‘n groot watermassa en swaar donderweer.

In die eerste halleluja (Op 19:1-2) besing die menigte God oor hulle oorwinning, Sy heerlikheid en Sy mag (“oorwinning” word in die OAV vertaal met “heil”, oftewel “salvation” in die NIV). Die rede hoekom hulle hieroor sing, is omrede God geoordeel het – hulle verwys na God se oordeel oor die sedelose vrou wat God se dienaars doodgemaak het (Op 18). Hierdie oordeel van God was reg en regverdig, en het ‘n einde aan die sedelose vrou gemaak – daarom sing hulle van hulle verlossing. Hulle sing ook van God se heerlikheid, want haar val demonstreer God se ywer vir die beskerming van Sy heiligheid en heerlikheid. En hulle sing van God se mag, want haar val was skielik, onverwags en vinnig. Ek wil jou weer uitnooi om na ‘n video te kyk. Hierdie keer is dit ‘n beryming van hierdie eerste Halleluja. Ek het die link saam met die preek versprei: https://youtu.be/WJNxVHC_6JI

Die tweede halleluja, ook deur die groot menigte, sluit hierby aan. Hier besing hulle God omdat die rook van die sedelose vrou opstyg tot in ewigheid – d.w.s. haar val is permanent en onomkeerbaar.

In die derde halleluja roep die 24 ouderlinge en die 4 lewende wesens uit: “Amen! Halleluja!” Hulle stem saam, en prys ook God.

Die vierde halleluja word weer deur die groot menigte uitgeroep. Nou besing hulle dat God, die Almagtige, heers as koning. Natuurlik is dit so dat God nog altyd soewerein heers, maar voortaan heers Hy sonder dat daar enige effek van die sedelose vrou, of selfs die duiwel, sal wees – hulle is finaal vernietig!

In verse 7 en 8, as deel van die vierde halleluja, besing die groot menigte die feit dat die bruilof van die Lam aangebreek het. Nie net het dit aangebreek nie – maar hulle is uitgenooies na die bruilof! Nie net as bruilofsgaste nie, nee, hulle is die bruid, en hulle is geklee in rein, blink, fyn linneklere! Die Lam is natuurlik die Bruidegom. Hierdie bruilof is al in die Ou Testament aangekondig en sedertdien verwag. Met Jesus se kruisiging, het die verlowing plaasgevind, toe Jesus die prys van die bruidskat betaal het. Tydens hulle lewens op aarde het die Heilige Gees die groot menigte gehelp om te werk aan hulle bruilofsklere. Na hulle afsterwe het hulle in die hemel bymekaar gekom, reeds met wit klere aan. Hulle het gewonder hoe lank hulle nog sal moet wag vir die oordeel oor hulle vyande en vir die bruilof. Daar is vir hulle gesê “Net nog ‘n kort rukkie.” – tot die volle bruid gereed is! En nou is die bruid voltallig! En nou het die bruilof aangebreek! En hulle is gereed!

Afsluiting

Begin jy verstaan hoekom Paulus redeneer as ons net vir hierdie lewe op Christus vertrou is ons die bejammerenswaardigste van alle mense? Begin jy verstaan hoekom hy redeneer om te sterf is vir 'n gelowige wins? Die rede hiervoor is: Die oomblik wat jy sterf as gelowige is jou siel in die hemel voor die troon van God en die Lam. Jy word deel van daardie hemelse skare saam met die 24 ouderlinge, vier lewende wesens en miljoene der miljoene engele wat God loof en prys omdat Hy dit waardig is, Jy neem hieraan deel dag en nag. Jy het dan reeds wit klere aan, God het jou trane reeds afgedroog, jou swaarkry is reeds verby. Hiermee is jy besig terwyl jy saam met die res van die groot menigte wag – wag op iets nog beter!

Dit kom wanneer die engel op sy trompet blaas en die aartsengel uitroep. Dan word jou siel verenig met jou nuwe opstandingsliggaam – dis 'n besondere liggaam: hy is onverganklik, heerlik en sterk. Hy is doelgerig gemaak om te pas by die nuwe bedeling wat voorlê. Terselfdertyd kom al die gelowiges bymekaar – die wat reeds gesterf het en ook die wat dan nog in die lewe sal wees. Dan word jy saam met die ander gelowiges en saam met Jesus op die wolk weggevoer.

Die oordeelsdag breek aan – maar jy het niks te vrees nie. Ja, jy verskyn voor die regterstoel – maar jy staan aan die regterkant, saam met die ander skape. Jy ontvang jou loon in lyn met die bouwerk wat jy gedoen het, en Jesus sê: Neem My koninkryk as erfenis in besit – dit was van die skepping van die wêreld vir julle voorberei. Dan neem jy deel aan daardie hallelujakoor in die hemel – jy besing die Here God en jou verlossing – en jy sit aan aan die bruilofsmaal van die Lam, geklee in helder fyn blink klere!

En nog steeds is dit nie die einde nie...